# TER NAGEDAGTENIS AAN PROF W.P. COOLHAAS

**C. de Jong**
*Universiteit van Suid-Afrika*

Ons het verneem dat die Nederlandse historikus, prof. Dr W Ph Coolhaas, op 12 April 1981 op die ouderdom van byna 92 jaar, te Bilthoven heengegaan het. Hy was een van die historici van formaat en erudiete van die geslag wat ons in hierdie dae verlaat. Naas prof. Dr P J van Winter, skrywer van onder meer die geskiedenis van die Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM), getitel *Onder Krugers Hollanders,* was prof. Coolhaas die grootste kenner van die Suid-Afrikaanse geskiedenis in Nederland. Sy laaste bydrae was die hoofstuk oor 100 jaar staatkundige ontwikkeling van Suid-Afrika, 1881 – 1981, bestem vir die jubileumboek *Zicht op Zuid-Afrika.* Die Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Vereeniging (NZAV), waarvan hy baie jare bestuurslid was, sal hierdie boek in 1981 uitgee by geleentheid van sy 100-jarige bestaan, 1881 – 1981.

Hieronder volg die skets van sy lewe en werk wat deur Dr G J Schutte in die maandblad *Zuid-Afrika,* uitgegee deur die Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland (ZASM), susterorganisasie van die NZAV te Amsterdam, in April 1981 op p.56 gepubliseer het en hier in Afrikaans oorgesit is. Dr Schutte is ondervoorsitter van die NZAV en senior lektor in geskiedenis by die Vrije Universiteit te Amsterdam. Hy is te beskou as die jongere, bekwame opvolger van proff. Van Winter en Coolhaas as historikus van Suid-Afrika in Nederland.

Prof. Coolhaas is in 1944 getroud met E C Korpershoek. Sy was sekretaresse van dr W J Leyds en het ongetwyfeld haar eggenoot se belangstelling vir Suid-Afrika gestimuleer.

Prof. Coolhaas het talryke bydraes in die maandblad *Zuid-Afrika* en in Suid-Afrikaanse tydskrifte gepubliseer. Hier volg 'n opsomming van sy publikasies wat in Suid-Afrika verskyn het.

*Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek,* Afrikaanse en Engelse uitgawes
- Deel een, Joris van Spilbergen, pp.875 – 876.
- Deel een, Jan Huyghen van Linschoten, pp.865 – 866.
- Deel een, Cornelis de Houtman, pp.220 – 221.
- Deel twee, Olfert Dapper, p.700.
- Deel twee, Cornelis Matelief(f), pp.603 – 604.
- Deel twee, Paulus van Caerden, pp.818 – 819.

"Die Kaap het baie nuwe vraagstukke geskep", in *Die Huisgenoot,* deel 36, Nr. 1563, 7 Maart 1952, pp.55, 123.

"Het wetenschappelijk werk van Dr Anna Böeseken", in *Suid-Afrikaanse Argiefblad,* jaargang 12, 1970, pp.29 – 33.

Artikels van prof W.Ph. Coolhaas in *Historia,* Amptelike Orgaan van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika.

Bydraes uit die *Generale Missiven;* dit omvat die briefwisseling tussen die Heeren XVII as bewindvoerders van die Vereenigde Oost-Indische Compagnie en die Goewerneur-Generaal en Raad van Indië te Batavia. Hulle is geredigeer deur prof. Coolhaas en uitgegee deur die Nederlandse regering in die reeks *Rijks Ge-*

*schiedkundige Publikatiën*. Prof. Coolhaas het die talryke verwysings na die Kaapkolonie in die *Generale Missiven* uitgelig en in ses bydraes in *Historia* gepubliseer.

Gegevens over de vestiging aan de Kaap de Goede Hoop uit de Generale Missiven in:
*Historia,* jaargang 7, Nr. 2, Junie 1962, pp.95—106, aflewering I.
*Historia,* jaargang 11, Nr. 3, September 1966, pp.191—201, aflewering II.
*Historia,* jaargang 16, Nr. 1, Maart 1971, pp.38—46, aflewering III.
*Historia,* jaargang 17, Nr. 4, Desember 1972, pp.233—243, aflewering IV.
*Historia,* jaargang 21, Nr. 2, September 1976, pp.148—154, aflewering V.
*Historia,* jaargang 23, Nr. 2, September 1978, pp.131—140, aflewering VI.

"De carrière van Jan van Riebeeck", in *Historia,* jaargang 11, Nr. een, Maart 1966, pp.18—35.

"Een bericht uit 1610 over de bewoners van Kaapland", in *Historia,* jaargang 14, Nr. 4, Desember 1969, pp.75—78.

"De Frans-Canadezen", in *Historia,* jaargang 21, Nr. 1, Mei 1976, pp.37—54.

Ons eer die nagedagtenis van prof Coolhaas en sal sy bydraes tot die geskiedskrywing van ons land onthou.